Februarie 2017

Nuusbrief 17

Nuusbrief van Huis Kalahari Visser en Huis McFarlane

Die nuwe skooljaar met nuwe uitdagings het teen ‘n spoed afgeskop. Ons vertrou dat dit ‘ n jaar met oorvloed seën, voorspoed en geluk sal wees. Trap nuwe spore en die belangrikste : Geniet elke oomblik!

LEERDERSAKE

Nuwelinge:

Toelating tot koshuisinwoning is ‘n groot voorreg en die nuwe wêreld wat betree word verg aanpassings wat almal nie ewe maklik ervaar nie. Ons nuwelinge vaar baie goed.

Die graad 8’s het onlangs gesellig saam met hul ouers by Huis Kalahari Visser gekuier. Dankie aan elke ouer wat die geleentheid bygewoon het en die kans benut het om mekaar beter te leer ken. Ons hoop dat die verbintenis met gimkoshuise gelukkig sal wees en dat u klaar tuis voel.

Ons wil die koshuisprefekte bedank vir die verantwoordelike wyse waarop hul die verwelkomingsaktiwiteite behartig het.

Dis dogters het onlangs ‘n brief aan Mev. Olivea de Waal en die kombuispersoneel gestuur en hul bedank vir die lekker kos. Aanpassings is aan spyskaarte gemaak en daar word tydens aandete ook vars slaaie bedien. Baie dankie vir hierdie mooi gebaar. Dit maak ons personeel se harte bly om sulke positiewe terugvoer te kry.

BELANGRIKE DATUMS

24 – 26 Februarie 2017
Uitnaweek

2 Maart 2017
Ouerbraai – Huis McFarlane

3 Maart 2017
Koshuisinbly-aand

31 Maart 2017
Skool Sluit

FINANSIES

LOSIESGELD:

Ten einde die beste diens te lewer is ons totaal afhanklik van koshuisgelde. Dankie aan die ouers wat betalings stiptelik nakom. Inligting oor die datums en betaalwyses is beskikbaar op ons koshuis se webtuiste, www.paarlgimkoshuise.co.za.

INFRASTRUKTUUR

Die volgende projekte is suksesvol afgehandel tydens die afgelope vakansie:

KALAHARI VISSER

Vooraansig van koshuis geverf

Nuwe matrasse aangekoop

Braaiplek gebou

HUIS McFARLANE

Vensterrame aan dogterskant vervang

Vloere aan dogterkant geteel

Portaal aan seunskant geverf

Motorafdakke opgerig vir diensperso-neel

Ontspanningssaal geverf

Nuwe gordyne bo kamerdeure van dogters aangebring

Nuwe skottelgoedwasser aangekoop

Nuwe matrasse aangekoop

Nuwe gordyne aan seunskant

INFRASTRUKTUUR: Projekte in vooruitsig vir 2017

KALAHARI VISSER

Opgradering van kleiner badkamers

'HUIS McFARLANE

Aanbouings om kombuis met 4mx8m te vergroot

Installering van nuwe skottelgoedwasser

Plaveisel tussen koshuis en skool

Opgradering van kleiner badkamers

Nuwe gordyne aan seunskant

HUISHOUDING

Nuwe porseleinborde is aangekoop om 'n gedeelte van die melamienborde te vervang.

Die plastiektafeldoeke word vervang met damasktafeldoeke.

PERSONEEL

Die personeel van beide koshuise het geskenkpakkies ontvang tydens n jaareindfunksie. 'n Groep ouers van die Overberg het hierdie lekkernye gebak en geskenk. Baie dankie dat julle 'n verskil maak!

DISSIPLINE

Die nuwe gedragskode en dissiplinêre puntestelsel is in werking. Ouers en leerders moet hul hiervan vergewis.

KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

'n Suksesvolle streeksaamtrek is in die Koue-Bokkeveld gehou op 3 November 2016. Baie dankie aan Stokkies en Nonna Hanekom vir die reëlings en hartlike ontvangs.

Die Opedag is weereens deur rekordgetalle bygewoon! Ons is tans besig met die keurings- en toelatingsproses en sien uit om hierdie groep in 2018 te verwelkom.

Vriendelike groete

André Oberholzer

KOSHUISHOOF